*Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.*

# Nuusweek

Pretoria FM

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe

Nommer 78, Jaargang 2 | 07 Augustus 2026 | www.pretoriafm.co.za




# VERKIESING: DIE AFTEL BEGIN

R0 is nie vergoeding nie 02
Onnies moet geverifieer word 03
Wen kaartjies na Mathys Roets 08
Kiwi-toere oor die jare 16



# Verkiesing waarskynlik vandag geproklameer

*Seugnet van Zyl*

Die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (CoGTA) sal waarskynlik vandag die plaaslikeregeringsverkiesing in die Staatskoerant proklameer.

Dit beteken dat die kiesersrol om middernag sal sluit en diegene wat teen dié afsnytyd nie aanlyn geregistreer het nie, nie aan die plaaslikeregeringsverkiesing kan deelneem nie. Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) sal dan ook 'n verkiesingstydlyn, waarvolgens die verkiesingsaktiwiteite en hul sperdatums en -tye bestuur moet word, in die Staatskoerant bekendmaak.

Stemgeregtigdes sal op 4 November by 23 699 stemlokale regoor die land kan stem. Daar is 2 834 stemlokale in Gauteng waar jy jou kruisie sal kan trek.

Dr. Pieter Mulder, politieke ontleder, sê politieke partye kan hulle nominasies ná vandag begin indien.

"Daarna sal die OVK na die nominasies kyk en bepaal of dit aan die vereistes voldoen, en dan sal die duisende stembriewe gedruk word."

Mulder reken dat koalisies nodig gaan wees om regerings in van die metro's te vorm.

"In Johannesburg en Pretoria sien ek dat nie een party 50% van die stemme op sy eie sal kry nie. Helen Zille, wat graag burgemeester van Johannesburg wil word, sal daarom dit nie op haar eie kan doen nie. Sy sal koalisies moet vorm. Dieselfde met Cilliers Brink en Willie Spies, burgemeesterskandidate in Tshwane."

Prof. André Duvenhage sê daar kan tot 500 politieke partye aan die verkiesing deelneem.

"Van die mees prominente partye, in besonder die ANC, kan steun verloor. Dis vir my 'n uitgemaakte saak dat die ANC se steun gaan daal na selfs laer as 40%. Die prentjie vir die ANC is ongetwyfeld afwaarts."

Duvenhage verwag dat die MK-party ondanks sy onstabiliteit en uitdagings baie goed sal vaar in KwaZulu-Natal en dele van Mpumalanga.

"Wat die EFF betref, dink ek Julius Malema het van sy glans en momentum verloor. Daar wys die trajek ook afwaarts. Vir die


Dr. Pieter Mulder


Prof. André Duvenhage

DA gaan dit nie so maklik wees om van amptelike opposisie na regerende party te beweeg nie. Die PA kan in geografiese gebiede, veral waar daar bruin stemme is, deurbrake maak. Ek verwag ook dat die IVP se steun kan toeneem en 'n klomp kleiner partye gaan setels wen."

Persone 16 jaar en ouer kan tot vanaand om middernag nog hulle registrasiestatus nagaan, registreer en hulle stempunte wysig by www.elections.org.za. **N**

# Onteieningswet: R0 is nie vergoeding nie

*Seugnet van Zyl*

Grondonteiening sonder vergoeding is ontoelaatbaar. AfriForum, die DA en die Vaderland-stigting het hul tot die hof gewend om dié beginsel te stel.

Nul-vergoeding word ingevolge die nuwe Onteieningswet as 'n opsie aangedui in ruil vir iemand se grond.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê die Grondwet bepaal uitdruklik dat onteiening slegs mag plaasvind indien dit teen vergoeding plaasvind. Daar is dus 'n bedrag betaalbaar.

AfriForum se hofaansoek teen pres. Cyril Ramaphosa, die minister van Openbare Werke en infrastruktuur, die speaker van die Nasionale Vergadering en die voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies is die afgelope week in die hooggeregshof in Kaapstad aangehoor.

Kriel benadruk dat R0 nie vergoeding, 'n bedrag of betaling is nie.


Kallie Kriel

"'n Vergoeding van R0 kom neer op onteiening sonder vergoeding en voldoen daarom nie aan hierdie grondwetlike vereiste nie. Ons vra die hof om die Onteieningswet ongrondwetlik te verklaar."

Die kern van AfriForum se argument is dat die Onteieningswet in sy huidige formaat sal toelaat dat 'n grondeienaar se grond sonder vergoeding onteien kan word voordat 'n hof die geldigheid van die onteiening en die onteieningsbedrag bepaal het.

Kriel verduidelik dat elke land 'n Onteieningswet het.

"Dis 'n staande praktyk. As jy 'n dam moet bou en dis op iemand se grond, dan onteien jy. Wat ander lande nie het nie, is onteiening

*Na bladsy 3*

## Onteieningswet: R0 is nie vergoeding nie (vervolg)

*Van bladsy 2*

met nul-vergoeding of onteiening sonder vergoeding."

Hy sê 'n Onteieningswet moet sorg dat mense vir hul grond vergoed word en dat hulle nie in armoede verval en hul grond net gevat word sonder om daarvoor te betaal nie.

"Ons argumente is sterk," sê Kriel, wat bereid is om hierdie lang pad met die hofsaak enduit te stap.

Jan de Villiers, woordvoerder van die DA, sê dié party verwerp onteiening sonder vergoeding heeltemal, ongeag hoe dit in die wet genoem word.

"Die party glo eiendomsreg is fundamenteel tot vryheid, waardigheid en ekonomiese geleentheid, en dat regmatige onteiening slegs vir 'n legitieme openbare doel mag plaasvind, onderworpe aan behoorlike prosesreg, onafhanklike regterlike toesig en regverdige en billike vergoeding."

De Villiers sê onteiening sonder vergoeding sal belegging afskrik, dit moeiliker maak om krediet te bekom, en die ekonomie skaad sonder om werklik werk, huise of titelaktes vir gewone mense te skep.

Die Vaderland-stigting betwis, nes AfriForum en die DA, die grondwetlikheid van die nuwe Onteieningswet.

Millie Westley, prokureur van die Vaderland-stigting, verduidelik dat die Onteieningswet in sy huidige formaat die regering in staat sal stel om eiendom teen "nul-vergoeding" te onteien.

"Ons vra dat die hele wet ongeldig verklaar moet word omdat dit strydig met die Grondwet is. Artikel 25 van die Grondwet vereis dat betaling moet geskied vir grond wat onteien word. Ek dink daar is uitstekende argumente teen die Onteieningswet gelewer en die hof kan dit nie ignoreer nie." **N**

# Opvoedkundige personeel moet teen Kinderbeskermingsregister geverifieer word

***Redaksie***

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) sê hulle ondersteun die hofbevel wat teen die Departement van Basiese Onderwys uitgereik is wat verplig dat alle opvoedkundige personeel wat kontak met leerders het, teen die Kinderbeskermingsregister geverifieer moet word. Die hofbevel bepaal dat alle opvoedkundige personeel wat kontak met leerlinge het teen 31 Maart aanstaande jaar teen die Kinderbeskermingsregister geverifieer moet word. Dié opdrag van die hof verplig die Departement van Basiese Onderwys en provinsiale onderwysdepartemente om alle individue wat met kinders werk se agtergrond teen die register te toets.



Die SAOU sê in 'n verklaring dat bewerings van seksuele wangedrag deur opvoeders op ernstige uitdagings in die Suid-Afrikaanse gemeenskap dui.

Volgens die SAOU stel die gebrek aan kapasiteit by polisiestasies en in die Departement van Justisie leerders ook in gevaar.

"Hierdie proses van verifikasie van individue behoort ook die klem op verbetering van sistemiese uitdagings te plaas. Die onvermoë van 'n stelsel om oortreders te ondersoek en te vervolg, lei tot sake van seksuele oortredings wat vir lang periodes uitgestel word. Die proses van die verifikasie behoort ook uitgebrei te word na opvoeders wat die openbare onderwysstelsel verlaat of na ander provinsies of privaat onderwysstelsels skuif."

Volgens die SAOU behoort befondsing vir voorkomende programme ook voorop gestel te word, saam met die beskikbaarstelling van strukture vir emosionele ondersteuning op skoolvlak, sowel as genoegsame maatskaplike werkers.

"Beide skole en gemeenskappe moet kollektiewe verantwoordelikheid neem vir hierdie groeiende probleem. Die beste belang van die kind is die boublok vir die onderwysstelsel. Opvoeders word opgelei om skole as veilige ruimtes te beskerm, waar die fokus veral val op onderrig en leer."

Die SAOU sê hulle verwerp die optrede van enige onderwyser wat skuldig bevind word aan seksuele misdrywe en ondersteun daarom die besluit van die hof om te verseker dat opvoeders en personeel wat met kinders werk nie op die Kinderbeskermingsregister gelys is nie. **N**



# Solidariteit, AfriForum kry steun in VSA vir voorstelle om geskil by te lê


*Jaco Kleynhans. (Foto: Verskaf)*

***Redaksie***

Werner Human, adjunkbestuurshoof van AfriForum, en Jaco Kleynhans, hoof van Openbare Skakeling by Solidariteit, is die afgelope twee weke in die VSA waar hulle die Solidariteit Beweging se uitgebreide voorstelle voorgelê het om 'n oplossing vir die geskil tussen die VSA en Suid-Afrika te vind oor brandpunte soos die regte van Afrikaners, swart ekonomiese bemagtiging, grondonteiening en plaasmoorde. Die Beweging was die afgelope sewentien maande, sedert president Donald Trump se ondertekening van 'n uitvoerende bevel oor Suid-Afrika, intensief betrokke by onderhandelinge tussen die VSA en Suid-Afrika.

Die afgelope twee weke het die afvaardiging van die Solidariteit Beweging op hoëvlak geskakel met die Withuis, Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake, lede van die Senaat en verskeie ander rolspelers. Kleynhans het aan Nuusweek gesê die Solidariteit Beweging wil sien dat 'n oplossing vir die geskil gevind word, maar nie sonder wesenlike, noodsaaklike hervormings in beleid nie.

Daar is ook voorstelle gemaak oor die Amerikaanse regering en Trump se vyf eise aan Suid-Afrika. Dit sluit in dat "Kill The Boer" deur die Suid-Afrikaanse president, Cyril Ramaphosa, verwerp moet word, verskeie van AfriForum se voorstelle oor landelike veiligheid aanvaar moet word, die Onteieningswet hersien moet word en verskeie dele van wetgewing oor swart ekonomiese bemagtiging en regstellende aksie met tyd uitfaseer word.

Kleynhans sê die voorstelle is positief in Washington ontvang.

"Dit sal nou van die Suid-Afrikaanse regering afhang of hulle tot ons voorstelle gaan instem en 'n ooreenkoms so moontlik sal maak."

Volgens Kleynhans is daar ook verder steun gewerf vir ander prioriteite van die Solidariteit Beweging, wat insluit projekte in veiligheid, onderwys, die beskerming van minderheidsregte en die uitbou van gemeenskapstrukture.

"Ons het reeds 'n omvattende netwerk van steun in Washington, maar ook meer as tien Amerikaanse deelstate. Dit is tydens hierdie besoek uitgebou. Ons wag nie vir 'n ooreenkoms tussen die twee lande se regerings nie. Ons werk nou reeds aan erkenning vir Afrikaners by die Amerikaanse regering en vir konkrete steun vir dit waarmee ons besig is." **N**








# Nuwe beleid sal oudpresidente se buitelandse reise reguleer

*Walter Ernst*

Die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking het 'n nuwe beleidsraamwerk geformuleer ten einde die buitelandse reise van voormalige staatshoofde te reguleer en te koördineer.

Dié aankondiging hou verband met Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Indië, Anil Sooklal, se ontvangs van oudpresident Jacob Zuma in Indië, en die besoek aan die Gupta-broers waarheen hy Zuma vergesel het.

Zuma het glo 'n Hindoe-tempel in Indië besoek om te bid en seëninge te vra vir die komende munisipale verkiesing in Suid-Afrika.

Sooklal is deur dié departement teruggeroep vir konsultasie.

Die minister, Ronald Lamola, sê ingevolge dié nuwe raamwerk, wat deur die presidensie en die departement ontwikkel is, sal oudpresidente en adjunkpresidente voortaan verplig wees om alle besonderhede oor voorgenome buitelandse reise bekend te maak.

Die minister in die presidensie, Khumbudzo Ntshavheni, het gesê dat dit skandelik is dat 'n verteenwoordiger van die land met misdadigers omgaan.

Die raamwerk is na die parlement en die presidensie vir goedkeuring gestuur. **N**



# Art. 89-komitee hof toe oor Phala Phala-interdik

Walter Ernst

Die parlement se artikel 89-ontheffingskomitee wend hom nou tot die Konstitusionele Hof om teen die Hooggeregshof in Kaapstad se uitspraak te appelleer waar president Cyril Ramaphosa se aansoek geslaag het om dié komitee se werk tydelik te staak.

Die komitee se voorsitter, Makashule Gana, sê ten spyte van verdeeldheid onder die lede, sal hul met hul werksaamhede voortgaan.

"Die besluit van die komitee is dat daar teen die uitspraak van die Hooggeregshof in Kaapstad geappelleer moet word. Dit is 'n verdeelde besluit, maar dit is nietemin 'n besluit, en ons sal namens die komitee met daardie appèl voortgaan," sê Gana.

Die Hooggeregshof se uitspraak verhoed die komitee om voort te gaan met openbare verhore, hangende die uitslag van Ramaphosa se hersieningsaansoek.

Die komitee voer aan dat die hof die verkeerde regsbeginsels toegepas het deur nie die kanse op sukses van Ramaphosa se hersieningsaansoek te oorweeg nie.

Die paneel het in November 2022 bevind dat daar 'n prima facie-saak teen die president is waarop hy moet antwoord met betrekking tot die diefstal van $580 000 Amerikaanse dollar in 'n rusbank op sy plaas in Limpopo in Februarie 2020.

Die komitee gaan voort met sy werk, waaronder die hantering van prosedurele kwessies soos die benoeming van bewysleiers en die bepalings van sy verwysingsraamwerk. **N**










# SA verskerp toesig oor oorgrens-kriptotransaksies

*Walter Ernst*

Suid-Afrika se finansiële owerhede beplan om sy toesig oor internasionale kriptotransaksies te verskerp.

Die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het 'n nuwe konsephandleiding vir kriptobates bekend gestel wat die land se eerste omvattende regulatoriese raamwerk vir oorgrens-kriptotransaksies voorstel.

Volgens die bepalings sal kriptodiensverskaffers amptelike magtiging moet verkry en alle buitelandse oordragte regstreeks by die SARB se Departement van Finansiële Toesig aanmeld.

Dié raamwerk vorm deel van breër hervormings kragtens die konsep-kapitaal-vloeibestuursregulasies.

Die Reserwebank het beklemtoon dat die voorstel nie die regstatus van kriptobates verander nie.

Die kriptogeldeenhede bly 'n nie wettige betaalmiddel of 'n amptelike geldeenheid in Suid-Afrika nie, en word ook nie deur die sentrale bank gerugsteun nie.

Belanghebbendes en die publiek kan voor 30 September 2026 hul kommentaar op dié voorgestelde regulasies indien. **N**



# Die Augrabieswaterval Nasionale Park vier 60 jaar



*Marelize Maré*

Die Augrabieswaterval Nasionale Park het die afgelope week sy 60ste bestaansjaar gevier sedert die park op 5 Augustus 1966 geproklameer is.

SANParke sê die park beskerm een van Suid-Afrika se mees besondere droë-ekostelsels, met die ikoniese 56 meter hoë Augrabieswaterval, 'n 18 kilometer lange granietkloof, asook unieke plant- en dierspesies.

Die park, wat deur die Khoi "Aukoerebis" (Plek van Groot Geraas) genoem is, lok al eeue lank besoekers.

SANParke het sy personeel, plaaslike gemeenskappe en besoekers bedank vir hul bydrae om dié natuur- en kultuurerfenis vir toekomstige geslagte te bewaar. **N**



Wen Wen Wen Wen Wen

# Wen kaartjies na Mathys Roets

*Redaksie*



Die geliefde sanger Mathys Roets kuier Sondag 9 Augustus om 10:05 by Esté Gross op Diep Liriek en gesels oor sy loopbaan. Mathys het vanjaar op 6 Junie sy 60ste verjaardag gevier en is reeds vir meer as drie dekades op die verhoog. Om dié besondere mylpaal te vier, bied hy die terugblikproduksie Klankspoor 60:30 by die Fairtree Atterbury-teater aan.

Skakel in op Pretoria FM om te hoor hoe sy loopbaan ontwikkel het, watter mense en liedjies 'n bepalende rol gespeel het, en van die belangrike draaie en afdraaie op sy lewenspad.

Kompetisie:

Vyf gelukkige lesers kan elk 'n stel van twee kaartjies wen vir die vertoning op 2 September om 19:00. Daar is ook 'n tweede vertoning op 3 September om 19:00.

**Klik op hierdie skakel** en skryf in om deel te neem. Die kompetisie sluit Dinsdag 11 Augustus.

Nog vyf stelle van twee kaartjies word Sondag tydens *Diep Liriek* op lug weggegee. Maak dus seker jy skakel om 10:05 in. **N**






# Is jou bates onbewustelik onderverseker?

TEMPO Finansiële Dienste

Wanneer mense oor hul finansiële toekoms dink, gaan die gesprek gewoonlik oor aftrede, beleggings en hoeveel geld gespaar moet word. Dit is natuurlik belangrik, maar daar is nog 'n deel van finansiële beplanning wat dikwels afgeskeep word: die beskerming van die bates waarvoor jy jare lank gewerk het, nl. batebeskermingsversekering.

Dink net daaraan. Jy betaal oor dekades aan 'n huis af, koop meubels, verbeter jou eiendom en skaf waardevolle besittings aan. Dan gebeur die ondenkbare: 'n brand, storm of ander ramp, en skielik ontdek jy jou eiendom is onderverseker. Op daardie oomblik beteken 'n mooi beleggingsportefeulje min as jy daarvan moet gebruik om jou huis of besittings te vervang.

Een van die grootste redes hiervoor is dat boukoste jaar na jaar styg. Materiaal, arbeid en herstelwerk kos vandag aansienlik meer as 'n paar jaar gelede. Tog bly baie mense se versekerde waardes onveranderd. Hulle aanvaar dat die jaarlikse premie-aanpassing voldoende is, terwyl dit nie altyd tred hou met die werklike koste om 'n huis of gebou weer op te rig nie.

Dit is juis waarom dit verstandig is om jou eiendomsversekering minstens een keer per jaar te laat hersien. Nie omdat jy noodwendig meer versekering wil hê nie, maar omdat jy seker wil wees dat jou dekking nog by die werklike vervangingswaarde van jou eiendom pas. 'n Laer premie klink aanvanklik aantreklik, maar dit kan baie duur word wanneer 'n eis ingestel moet word.

'n Goeie finansiële raadgewer sal jou nie net vertel wat jy wil hoor nie. Soms beteken goeie advies juis dat iemand eerlik genoeg is om uit te wys dat jy moontlik onderverseker is, al beteken dit jou premie gaan effens styg. Daardie ongemaklike gesprek vandag kan jou môre honderdduisende rand spaar.

Baie mense besef ook nie dat eiendomsversekering nie noodwendig saam met hulle ander batebeskermings-versekering op dieselfde polis hoef te wees nie. Die belangrikste is nie waar dit verseker is nie, maar dat dit korrek en volledig verseker is teen 'n mededingende premie en met die regte dekking.

Finansiële beplanning gaan uiteindelik nie net oor die opbou van welvaart nie, maar ook oor die beskerming daarvan. Jy werk hard om bates op te bou; maak seker jou dekking is net so hard aan die werk om jou gemoedsrus te beskerm.

By Tempo Finansiële Dienste glo ons dat goeie batebeskermingsversekering meer is as net 'n polis. Dit begin met die regte waardasie, eerlike advies en gereelde hersiening, sodat jou grootste bates beskerm bly wanneer jy dit die nodigste het. Want die beste tyd om vas te stel of jy korrek verseker is, is lank voordat jy 'n eis moet indien.

Skakel Tempo by 011 749-7300 of e-pos info@tempofin.co.za **N**

*FSP no: 54445*



# 18 000 vroue vier krag, gemeenskap en omgee tydens die 2026 SPAR Women's Challenge Tshwane

Die strate van Centurion het op Saterdag 1 Augustus behoorlik lewe gekry toe 18 000 vroue aan die uitverkoopte 2026 SPAR Women's Challenge Tshwane deelgeneem het. Die geleentheid het vroue uit alle vlakke van die samelewing byeengebring om hulself én mekaar te vier, terwyl hulle terselfdertyd 'n betekenisvolle verskil in hul gemeenskappe gemaak het.

Die SPAR Women's Challenge Tshwane is meer as net 'n padwedloop en het weereens die krag van vroue gewys wat saamstaan. Deelnemers, ondersteuners, vrywilligers, borge en gemeenskapsvennote het 'n onvergeetlike atmosfeer van viering, veerkragtigheid en eenheid geskep onder vanjaar se #CelebrateHer-veldtog.

Terwyl duisende bloot deelgeneem het om te stap, hardloop, vriendskappe te vier en die feestelike atmosfeer te geniet, het Suid-Afrika se voorste atlete ook wêreldklasvertonings in die elite 10 km-wedloop gelewer.

Verdedigende SPAR Grand Prix-kampioen Glenrose Xaba het die elite-wedloop in 'n nuwe roeterekord van 32:28 gewen. Selam Gebre van Ethiopië was tweede en Kyla Jacobs derde.

Die dag het ook besondere persoonlike mylpale gevier, waaronder die legendariese Suid-Afrikaanse padatleet Blanche Moila wat haar 100ste SPAR Women's Challenge voltooi het en slegs die vyfde vrou geword het wat dié prestasie behaal.

Een gelukkige deelnemer, Reneilwe Biloane, het ná die wedloop met 'n splinternuwe Hyundai EXTER ter waarde van R269 000 weggery nadat haar naam in die gelukstrekking getrek is.

Die grootste oorwinnings van die dag is egter gemeet aan die lewens wat geraak is.

Met die ondersteuning van deelnemers, borge en die breër gemeenskap het die 2026 SPAR Women's Challenge Tshwane weer 'n blywende verskil gemaak.

Die volgende skenkings is tydens die geleentheid aangekondig:

- Irene Homes het 'n verdere R50 000 vir sy Bakehouse Project ontvang, wat SPAR North Rand se totale bydrae deur die 2026 SPAR Women's Challenge-veldtog op R150 000 te staan bring, ná die aanvanklike R100 000 wat tydens die amptelike bekendstelling oorhandig is.
- Lebone Centre for Women and Children het R50 000 ontvang om sy belangrike werk met kwesbare vroue en kinders voort te sit.
- House of Labron het 4 000 pakkies sanitêre doekies ontvang danksy 'n vennootskap tussen die SPAR Women's Challenge Tshwane en Lil-Lets, tesame met die vrygewigheid van deelnemers wat deur die veldtog sanitêre produkte geskenk het.

Benewens hierdie begunstigdes is talle ander liefdadigheidsorganisasies en gemeenskapsinisiatiewe deur die veldtog ondersteun, wat SPAR se voortdurende ondersteuning tot volhoubare gemeenskapsimpak beklemtoon.

Die menstruasiegesondheidsinisiatief was 'n belangrike deel van vanjaar se veldtog. Lil-Lets het saam met die SPAR Women's Challenge Tshwane gehelp om men-struasie-armoede te help beklemtoon. Saam met deelnemers en SPAR is duisende sanitêre produkte ingesamel om deur House of Labron aan vroue en meisies beskikbaar gestel te word.

"Elke jaar word ons weer herinner dat die SPAR Women's Challenge soveel meer as net 'n wedloop is. Dit is 'n viering van vroue, maar ook 'n platform waar gewone mense 'n buitengewone verskil kan maak," sê Retha Ingenbleek, Borgskapbestuurder van SPAR North Rand.

"Vanjaar het ons gesien hoe 18 000 vroue nie net saamkom om mekaar te vier nie, maar ook om lewens te verander. Van ons ondersteuning aan Irene Homes se Bakehouse Project wat tot R150 000 gegroei het, tot ons ondersteuning van Lebone Centre for Women and Children, ons vennootskap met Lil-Lets om menstruasie-armoede deur House of Labron te verlig, en die ondersteuning van talle ander organisasies – dít is waaroor #CelebrateHer gaan. Ons is opreg dankbaar teenoor elke deelnemer, vrywilliger, borg en vennoot wat hierdie impak moontlik gemaak het."

Die sukses van die geleentheid sou nie moontlik gewees het sonder die volgehoue ondersteuning van deelnemers, borge, vrywilligers, nooddienste, die City of Tshwane, gemeenskapsvennote, inwoners en almal wat gehelp het om 'n veilige, betekenisvolle en onvergeetlike ervaring te skep nie.

Terwyl die SPAR Women's Challenge Tshwane aanhou groei, bly die doel onveranderd: om vroue te vier, gesonder leefstyle aan te moedig, gemeenskappe op te hef en geleenthede te skep om terug te gee. **N**




'n Reusestandbeeld van 'n worshond, genaamd Sunshine, verbyster besoekers aan Suid-Korea se Haus Nowhere Seoul-vlagskipwinkel in Seongsu-dong.

Dié kunswerk is 'n uiters realistiese, maar oorgrote hond wat ongestoord lê en dut, terwyl sy ore en snoet beweeg en hy rustig asemhaal!

Die subtiele in- en uitasembeweging van sy lang lyf verleen aan die meganiese beeld 'n onheilspellende, tog lewendige gevoel.

Die installasie – getiteld The Future Returned – vier Tamburin se nuutste parfuumgeur, Sunshine, wat geinspireer is deur die beeld van mens se beste vriend wat in die laatmiddagson rus. **N**




# Versekeringsmakelaar of direkte versekeraar: Wat is die werklike verskil?

Wanneer jy motor- en huisversekering kies, is die goedkoopste premie nie noodwendig die belangrikste deel van die besluit nie. Die werklike vraag is wat gebeur wanneer jou omstandighede verander, wanneer jy onseker is oor 'n polisvoorwaarde of bybetaling of wanneer jy ná 'n voorval hulp nodig het.

Wanneer jy direk by 'n versekeraar aansluit, bestuur jy gewoonlik die proses self. Jy kies uit daardie maatskappy se produkte en hanteer jou eis direk met die versekeraar. Vir iemand wat gemaklik is om polisvoorwaardes, bybetalings en uitsluitings self te beoordeel, kan dit 'n gepaste opsie wees.

'n Ervare versekeringsmakelaar bied egter 'n ander soort verhouding. By IntegriSure begin die gesprek by jou lewe, nie by 'n standaardproduk nie. Ons kyk na jou motor, jou huis, jou waardevolle besittings en die unieke risiko's waaraan jy en jou gesin blootgestel is. Ons stel daarna 'n toepaslike opsie voor en verduidelik die beskerming en polisvoorwaardes in verstaanbare taal.

Dit gaan ook oor die waarde wat jy ontvang. Afhangend van die toepaslike produk en polisbepalings, kan IntegriSure-kliënte voordele ontvang, soos 5% meer by 'n totale voertuigverlies, 'n langer motorhuurtydperk, ondersteuning met sekuriteitswagte ná 'n voorval, beskerming teen kragstuwing en 'n hoër bedrag vir sleutels, slotte en afstandbeheerders.

Die grootste verskil tussen 'n versekeringsmakelaar en 'n direkte versekeraar word dikwels eers tydens 'n eis gevoel. In plaas daarvan om alleen deur die proses te werk, het jy by IntegriSure iemand wat die volgende stap verduidelik, die eis namens jou by die versekeraar registreer en met die versekeraar skakel wanneer daar vrae of onsekerheid ontstaan.

Vra jouself dus: Wil ek net 'n polis hê of wil ek iemand aan my kant hê wanneer dit regtig saak maak?

Vra 'n persoonlike motor- en huisversekeringskwotasie aan by forms.integrisure.co.za/pretoriafm. Alternatiewelik kan jy die sleutelwoord, Pretoria FM per WhatsApp na 0860 055 055 stuur óf IntegriSure direk by dieselfde nommer skakel. **N**

**IntegriSure is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer, lisensienommer 14595.*



Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

# Nuusweek

## Regskennisgewings

Bepalings en voorwaardes geld.

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

# Lesers se beurt




Die week is dit die brandstofprys wat lesers na hulle sleutelborde laat gryp het. Die prys van albei grade petrol het met 52 sent per liter gedaal terwyl die dieselprys met tussen R1,23 en R1,38 per liter gestyg het. Hier is wat lesers daaroor te sê gehad het:

**Danie van der Merwe**

Verduidelik, dié wat weet, waarom styg diesel?

**Adam Bekker**

Dankie, Trump! Jy het ons lekker geskroef.

**Coenraad Muller**

Binne in 2 maande laat hulle die diesel styg met R20/R25, maar dan vat hulle amper 20 jaar om dit weer terug te bring na normale pryse toe.

**Julie Nortje**

Ek dink die ou liedjie “Ek ry met my rooi motorkar” se woorde moet verander. Niemand kan meer bekostig om met hulle motorkarre te ry nie.

**Bernie du Toit**

Die probleem is net dat dit nou vir my byna onmoontlik raak om aan te hou boer.



**Sean Theunissen**

Ek dink dit is tyd om my bakkie te groet en iets ligter aan te skaf...

**Dawie Geldenhuis**

Ons het destyds gelees dat die brandstofprys gestyg het voor daar ’n tekort in die land was. En nou styg dit steeds. Is daar nie een of ander regstelling wat een of ander tyd moet intree nie?

**Clayton Hume**

Hoe vorder Suid-Afrika met infrastruktuur vir elektriese motors? Vra namens ’n vriend.

**Chris Harmse**

Dankie tog vir ’n bietjie verligting! **N**

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Die Europese drang na selfvernietiging

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Oop grense, simpatie teenoor Midde-Oosterse ekstremiste, die ontwikkeling van ’n kultuur van staatsafhanklikheid ten koste van innovasie en eie verantwoordelikheid, én in sommige lande ’n inherente drang na die vernietig vernietiging van Europese samelewings se kulturele goedere, tradisies en waardes, laat toenemend die vraag ontstaan of Europese lande en volkere nog ’n eie toekoms wil hê, of bloot die pad na selfvernietiging wil aanhou volg.

Verlede naweek het 60 000 onwettige immigrante uit Marokko, en die res van Afrika, daarin geslaag om die Spaanse enklawe Ceuta in Noord-Afrika binne te dring. Vir elke persoon regoor die wêreld wat op ‘n onwettige wyse Europa wil bereik, was die Ceuta-opsie, naas pogings om die Middellandse See op enkele gewilde plekke oor te steek, die Griekse eilande vanaf Turkye te bereik of Europa vanaf die ooste binne te kom, nog altyd gewild. Spanje se linkse immigrasiebeleid het egter die afgelope tyd tot ’n onhoudbare situasie in dié enklawe gelei.

Die Spaanse eerste minister, Pedro Sáanchez, het vroeër vanjaar aangekondig dat 500 000 onwettige immigrante in Spanje burgerskap op ’n skinkbord gegee gaan word. Hierdie proses is reeds afgehandel en intussen is daar in Sáanchez se regering, sekerlik die mees linkse regering tans in Europa, selfs voorstelle om burgerskap aan nóg meer onwettige immigrante uit te deel. Die probleem vir ander Europese lande –, wat reeds almal met reuse- immigrante-bevolkings sit, wat druk op regeringsdienste plaas, tot misdaad bydra en weier om te assimileer –, is dat enige immigrant wat sy weg tot in Spanje kan vind maklik na enige ander Europese land kan reis.

Wettige en onwettige immigrasie is besig om die meeste lande in Europa dramaties te verander. Groot stede is reeds geïislamiseer, parallelle gemeenskappe van mense uit die Midde-Ooste en Afrika bestaan orals en etniese Europeërs raak en ’n groterwordende deel van lande soos Spanje, Frankryk, Nederland, België, Duitsland, Oostenryk, Swede, Switserland,



Italië en nog talle ander raak ’n kwynende minderheid. Teen die huidige tempo sal Europeërs in die meeste Europese lande teen die einde van die eeu ’n minderheid in hulle eie lande wees.

Verlede naweek se gebeure in Ceuta, was egter net ’n herinnering aan ’n krisis wat lankal besig is om Europa se probleme met grense, immigrasiebeleid en die onwilligheid van die politieke en ekonomiese elite om die probleem te erken, te verdiep. Die idee van oop grense tussen Europese lande deur middel van die Schengen-ooreenkoms kon altyd net werk indien Europa se buitegrens streng bewaak is en indien enigiemand wat nie visumvereistes, veral toerismevisums, streng nakom nie, onmiddellik gedeporteer word. Daarmee saam het die instroming van miljoene sogenaamde vlugtelinge en asielsoekers ook nog bygedra tot die groeiende getal mense in Europa wat hulself as alles behalwe Europeërs beskou.

Die immigrasiekrisis in Europa is deel van ’n perfekte storm wat tans dreig om talle Europese lande te destabiliseer en by te dra tot ’n veelkantige krisis wat sommige lande selfs oor die afgrond kan stoot. Regoor Europa is daar tans probleme met ekonomiese stagnasie, reuse grootskaalse staatskuld, onvolhoubare welsynstelsels, verouderende bevolkings en vrese oor toekomstige veiligheid. Europese lande se opsetlike besluit drie dekades gelede om geld weg te skuif van verdediging na welsyn, het gelei tot swak weermagte en ’n uiters beperkte vermoë om enige eksterne aggressie af te weer. Die oorlog in Oekraïne bied reuse- uitdagings aan Europese lande wat duidelik swak voorkom.

Europa se grootste probleem is egter nie die massa-instroming van immigrante, ekonomiese probleme of staatskuld nie. Dit is die totale verlies aan ’n toekomsvisie en roeping wat meebring dat Europa ’n vasteland van selfsugtige individue raak. Elke persoon is net gepla oor sy of haar eie inkomste en aftredevoorsiening vir aftrede. Terwyl al hoe minder baba’s gebore word, is daar al hoe minder Europeërs wat omgee oor die lot van volgende generasies. Indien jou wese slegs draai om jou eie materiële voorspoed en nie die toekoms van jou volk, land of vasteland nie, wag daar donker dae vir volgende generasies.

Juis daarom kan ons verwag dat jongmense in Europa toenemend gaan radikaliseer en vir radikale politieke verandering gaan stem. Die eerste voorbeeld hiervan kan in September verwag word met die verkiesings in drie Duitse deelstate. Daarna kan dieselfde ook vroeg volgende jaar in provinsiale verkiesings en in Nederland en Frankryk se presidentsverkiesing verwag word. Ook Oostenryk, Spanje en nog Europese lande kan geraak word deur die noodgedwonge radikalisering van ’n jong generasie wat sien hoe hulle lande voor hulle oë van hulle vervreem word, geraak word. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Die Suid-Afrikaanse regering het hul monopolie om wet en orde te handhaaf, prysgegee

REPLIEK

Ernst van Zyl

Die Duitse sosioloog Max Weber het die staat gedefinieer as 'n politieke instelling wat 'n monopolie het op die wettige gebruik van fisieke geweld om wet en orde suksesvol binne 'n gegewe gebied te handhaaf. Hierdie fondasie van 'n geordende samelewing toon ernstige krake in die Suid-Afrikaanse konteks, maar dit word gevul deur 'n verskeidenheid nieregeringselemente.

Die afgelope 30 jaar het 'n ooglopende magsvakuum ontstaan namate die ANC-geleide regering se kapasiteit in vele opsigte agteruitgegaan het. Dit sluit onder meer in swak dienslewering, gebrekkige instandhouding van infrastruktuur, onbetroubare krag- en watervoorsiening, asook onvoldoende misdaadbekamping, ensovoorts.

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) kan eenvoudig nie meer hul grondwetlike mandaat en primêre funksie doeltreffend uitvoer nie. Luidens 'n oudit wat die DA vanjaar gedoen het, is bevind dat slegs 44% van die 1 025 polisiestasies wie se amptelike telefoonnommers getoets is, hul telefone beantwoord het.

In 2023 het die minister van Polisie bevestig dat meer as 6,3 miljoen oproepe aan die SAPD se 10111-noodsentrums in die voorafgaande drie boekjare onbeantwoord gelaat is. Dit kom neer op meer as 5 700 onbeantwoorde oproepe per dag.

Slegs drie sektore beskik oor die hulpbronne en organisatoriese vermoëns om hierdie vakuum, wat deur die verbrokkelende staat gelaat word, te vul: die privaat sektor, georganiseerde gemeenskappe en georganiseerde misdaad. Dit is dus geen wonder dat al drie tans in Suid-Afrika floreer nie.

Die groei in mag en gesofistikeerdheid van georganiseerde misdaad onder ANC-bewind is goed gedokumenteer. Suid-Afrika beklee tans die sewende plek uit 193 VN-lidlande op die Global Initiative against Transnational Organized Crime se Global Organized Crime Index. In 2026 het president Cyril Ramaphosa verklaar: "Georganiseerde misdaad is nou die mees onmiddellike bedreiging vir ons demokrasie, ons samelewing en ons ekonomiese ontwikkeling." Vir sommige is die verwronge orde wat georganiseerde misdaad skep in die gemeenskappe waar dit oorheers, die beste en soms enigste beskikbare opsie. Dit vind gewoonlik plaas deur afpersingsgeld te eis vir beskerming, wat dikwels verkies word bo die totale wetteloosheid en anargie wat staatsverval veroorsaak.

Geen bedryf illustreer die privaat sektor se reaksie op Suid-Afrika se staatsverval beter as die privaat sekuriteitsbedryf nie. Oor die afgelope 30 jaar het hierdie sektor in grootte, innovasie, kompleksiteit en mededingendheid ontwikkel tot een van die mees toonaangewende diensverskaffers van sy soort ter wêreld. Die aantal sekuriteitsbeamptes in dié bedryf het sedert 1997 – toe skaars sowat 115 000 geregistreerde beamptes in die bedryf werksaam was – met meer as 400% se groei. Teen die 2024/2025-boekjaar was meer as 637 000 wagte geregistreer en aktief werksaam in die bedryf. 'n Toename van meer as 110% in die aantal geregistreerde sekuriteitsmaatskappye ook sedert die 2013/2014-boekjaar aangeteken. In hierdie stadium is daar byna twee keer meer privaat sekuriteitspersoneel in Suid-Afrika is as die gesamentlike aantal polisie- en weermaglede.

Suid-Afrika se polisiëringskapasiteit het so drasties afgeneem dat die polisie tydens landwye protesoptogte teen onwettige immigrasie in Junie vanjaar verplig was om die bystand en hulpbronne van privaat sekuriteitsfirmas in te roep om wet en orde te help handhaaf.

Die laaste nieregeringssektor wat in afgelope jare noemenswaardige vordering op die gebied van die handhawing van wet en orde gemaak het, is gemeenskapsveiligheidstrukture. Die burgerregteorganisasie AfriForum het sedert 2012 reeds 177 buurt- en plaaswagte op die been gebring wat elke maand duisende kilometers se patrollies – op eie koste en risiko – aflê, en byna weekliks merkwaardige suksesse behaal. 'n Onlangse voorbeeld is toe AfriForum se Noord van die Berg-buurtwag 'n kritieke rol gespeel het om twee ontvoeringslagoffers binne 98 minute te red en die verdagtes vas te trek.

AfriForum het landwyd ook al meer as 500 protospanlede opgelei in taktiese landelike veiligheidsreaksie, gekoördineerde reaksies op georganiseerde gewelddadige aanvalle, waarnemingstegnieke, radiokommunikasie, misdaadtoneelhantering en noodprosedures.

Daarby het moderne tegnologie 'n ongelooflike magsvermenigvuldiger geword om misdaad te bekamp. AfriForum se gemeenskapsveiligheidstrukture besit reeds 48 hommeltuie, benut honderde sekuriteitskameras en bestuur een van die grootste onafhanklike radionetwerke in die land. Weens die ooglopende feit dat polisiekapasiteit verswak het, veral in landelike gebiede, kan die afname in plaasmoorde in onlangse jare nie aan regeringsaksies toegeskryf word nie. Hierdie afname is hoofsaaklik te danke aan beter plaasveiligheid en die groei en verbetering van privaat- en gemeenskapsgebaseerde veiligheidstrukture in landelike gebiede.

Voormelde feite staaf dus die gevolgtrekking dat die Suid-Afrikaanse regering nie meer 'n monopolie op die wettige gebruik van fisieke geweld het om wet en orde te handhaaf nie. Oor die afgelope 30 jaar het die ANC-regering homself effektief afgegradeer en is nou net een vennoot van vele in 'n veelparty-sekuriteitsomgewing wat die stryd teen misdaad pak.

In 'n land met een van die grootste en mees mededingende privaatsekuriteitsektore en een van die vinnigste groeiende gemeenskapsveiligheidsfere ter wêreld, het die regering – wanneer dit kom by die stryd teen misdaad – vir die afsienbare toekoms net twee opsies tot hul beskikking: werk saam of sukkel alleen. **N**

**Van Zyl is die hoof van openbare betrekkinge by AfriForum.*

# Rugbytoere na Nieu-Seeland en Suid-Afrika

REPLIEK

Heinrich Marnitz

Die rugbygeskiedenis tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland strek baie ver terug. Suid-Afrika het die eerste keer in 1921 na die land van die Silwervaring of die Lang Witwolk gereis. Die Kiwi-manne in hul swart rugbydrag het Suid-Afrika die eerste keer in 1928 besoek.

Politiek het reeds van 1948 af, ná die oorwinning van dr. D. F. Malan se Nasionale Party, sy invloed op sport laat geld. Daar was geen Maori's in die All Black-toerspan van 1949 nie. Die All Black-spelers het ook geweier om die haka voor 'n wedstryd uit te voer.

Die toer van 1949 het sonder voorvalle verloop. Suid-Afrika wen die reeks vier-nul.

Met die Springboktoer na Nieu-Seeland in 1956 het die politieke rimpelings op die oseaan se deinings sigbaar begin raak.

Die slagspreuk "No Maoris, no tour" het in 1960 sterk politieke spanning rondom die All Black-toer na Suid-Afrika weerspieël.

Suid-Afrika het in 1960 die laaste keer aan die Olimpiese Spele deelgeneem as gevolg van sportboikotte. 32 jaar moes eers verloop voor ons atlete weer in Barcelona aan die Spele kon deelneem.

Ondertussen het die doyen van Suid-Afrikaanse rugby, dr. Danie Craven onverpoos voortgeskrum om Suid-Afrika se internasionale rugbybetrekkinge in stand te hou. In 1960 besoek die Kiwi's Suid-Afrika en Dawie de Villiers se Springbokke vertrek na Nieu-Seeland in 1965.

Toe die wolke van sportboikotte teen Suid-Afrika donkerder begin hang, is die All Blacks se beplande besoek aan Suid-Afrika in 1967 afgelas. Daar sou een of twee Maori-spelers in die span ingesluit word, maar die Nasionale Party het voet by stuk gehou: Geen ander land sal ons politieke beleid vir ons voorskryf nie.

Met die hulp van dr. Danie Craven se rugbyvriend in Frankryk, Albert Ferrasse, is 'n Franse toer in 1967 gereël.

In 1969 is die beweging Halt All Racist Tours, met die afkorting HART, gestig.

Die protestoer deur die Britse Eilande is gekenmerk deur ongekende onluste voor wedstryde. Voor die hotelle waar die Springbokke tuisgegaan het, is dwarsdeur die nag betoog.

In Nieu-Seeland word lank en indringend




onderhandel. Die toenmalige eerste minister van Nieu-Seeland, mnr Rob Muldoon, het sterk standpunt ingeneem en geweier dat die toer van 1970 gekanselleer word. Twee Maori-spelers, Bryan Williams en Sid Going, is in die toergeselskap ingesluit.

Daar was nie juis ernstige probleme met die toer van 1976 na Suid-Afrika nie.

Om gehoor te gee aan die Gleneagles-ooreenkoms en as protes teen Nieu-Seeland se rugbybande met Suid-Afrika, het verskeie lidlande geweier om aan die Olimpiese Spele van 1976 in Montreal deel te neem.

Gedurende die middel-tagtigerjare het Suid-Afrika se krieketbestuur agter die skerms nieamptelike toere na ons land georganiseer.

Australië, die Wes-Indiese Eilande en Engeland besoek ons.

Betogings in Bloemfontein het daartoe gelei dat die Engelse toerspan se wedstryd in die middel gestaak moes word. Dit was ook die einde van die "vriendskaplike" kriekettoere.

Die gevolg was dat die geskeduleerde All Black-rugbytoer van 1985 ná regsaksie en toenemende politieke druk afgelas is.

Weer onderhandel dr. Craven onverpoos om 'n alternatiewe toer te reël. Die gevolg? Die All Blacks het in 1986 na Suid-Afrika gekom onder die skuilnaam van "Die Kavaliers".

Suid-Afrika verkeer onder 'n noodtoestand en die boikotte neem in alle erns toe.

Niemand was bedag op die ontvangs wat die Springbokke van Wynand Classen gedurende die toer van 1981 sou ervaar nie.

Die wedstryd teen Waikato in Hamilton kon nie plaasvind nie, en die derde toets in Auckland was 'n skrikwekkende ervaring. Die Springbokke kon nie in 'n hotel tuisgaan nie, hulle moes onder die paviljoen bly en slaap. Terwyl die toets op Saterdag in 1981 plaasgevind het, het 'n vlieënier in 'n Cessna-vliegtuig 80 minute lank heen en weer oor die speelveld gevlieg. Met elke verbyvlug is meelbomme op die spelers afgegooi. Dreigemente is geopper dat die vliegtuig in die hoofpawiljoen sou vasvlieg. Buite die stadion het honderde betogers met plakkate saamgedrom. Slagspreuke soos "Paint them black and send them back" is vertoon .

En vanjaar in 2026 vind een van die belangrikste Nieu-Seelandse rugbytoere nóg plaas. Wat 'n geleentheid is ons beskore, om in gewone omstandighede hierdie enorme voorreg te kan meemaak.

Pretoria FM sal tydens al die wedstryde gereeld opsommingsverslae aan luisteraars bied. Laai gerus die Pretoria FM-toepassing by die toepassingswinkel van jou keuse af of skakel in op DStv-kanaal 887. **N**

**Marnitz is 'n bekende sportkommentator wat al 164 rugbytoetse en twee Rugbywêreldbekertoernooie uitgesaai en sewe buitelandse rugbytoere onderneem het*

# Wie laat die boer se stem hoor?

BOER TOT BORD

Bennie van Zyl

Daar word dikwels gesê dat die boer die fondament van voedselsekerheid is. Dit is waar. Maar net so belangrik is die vraag: Wie praat namens die boer wanneer besluite geneem word wat sy toekoms bepaal?

Elke dag word daar besluite geneem wat 'n direkte invloed op landbou het. Dit sluit wetgewing, regulasies, infrastruktuur, handel, belasting, arbeidsake, veiligheid en eiendomsreg in. Hierdie besluite word nie op die plaas geneem nie, maar in raadsale, staatsdepartemente en die parlement. Daarom is dit noodsaaklik dat die boer se stem ook daar gehoor word.

Gelukkig beskik Suid-Afrika oor gevestigde strukture vir georganiseerde landbou wat juis hierdie rol vervul. Nie alle boere voel altyd gemaklik met organisasies nie, en daar sal altyd verskillende menings wees oor hoe sake aangepak behoort te word. Tog bly die beginsel dieselfde: Wanneer produsente saamstaan, dra hul stem verder as wanneer elkeen alleen probeer om verandering te bewerkstellig.

Organisasies soos TLU SA fokus hoofsaaklik op die sake- en beleidsomgewing waarbinne landbou moet funksioneer. Vanuit plaaslike boereverenigings, distrikstrukture en streke word kwessies geïdentifiseer, bespreek en uiteindelik op nasionale vlak verteenwoordig. Dit is deur hierdie strukture dat gesprekke met ministers, staatsdepartemente, parlementêre komitees en ander besluitnemers gevoer word.

Hierdie werk is nie eenvoudig nie. Suid-Afrika bevind hom reeds vir meer as drie dekades in 'n beleidsomgewing waar groter staatsbeheer, sentralisering en ideologiese denke dikwels die rigting van beleid bepaal. Vir kommersiële landbou, wat afhanklik is van privaat eiendomsreg, entrepreneurskap en vryemarkbeginsels, bring dit besondere uitdagings mee.

TLU SA glo dat volhoubare welvaart geskep word wanneer mense die geleentheid kry om verantwoordelikheid vir hul eie ondernemings te aanvaar. Privaat eiendomsreg en 'n gesonde vryemarkstelsel is nie bloot ekonomiese begrippe nie; dit vorm die grondslag waarop boere kan belê, uitbrei en voedsel produseer. Daarom is dit noodsaaklik dat georganiseerde landbou voortdurend hierdie beginsels beskerm en bevorder.

Maar beleidsake is slegs een deel van die prentjie.

Daarmee saam speel kommoditeitsorganisasies 'n ewe belangrike rol. Organisasies soos Graan SA, die Rooivleisprodusente-organisasie en ander bedryfsorganisasies fokus op die spesifieke behoeftes van hul onderskeie bedrywe. Hulle doen marknavorsing, ontwikkel nuwe markte, ondersteun navorsing, bevorder produkontwikkeling en help produsente om hul boerderye so winsgewend en volhoubaar moontlik te bestuur.

Hierdie twee bene van georganiseerde landbou behoort nie teenoor mekaar gestel te word nie. Inteendeel, hulle vul mekaar aan. Waar kommoditeitsorganisasies fokus op die produk en mark waarin die boer funksioneer, fokus landbou-unies op die beleids- en sakeomgewing waarbinne daardie boerdery moet voortbestaan. Albei werk uiteindelik aan dieselfde doel: om Suid-Afrikaanse landbou sterker, meer volhoubaar en meer winsgewend te maak.

> ***Die belangrikste skakel in hierdie hele proses bly egter die boer self.***

Die belangrikste skakel in hierdie hele proses bly egter die boer self.

Geen organisasie kan namens produsente praat as produsente nie hul insette lewer nie. Die feite, ervaring en praktiese kennis lê op plaasvlak. Dit is die boer wat eerste die impak van swak beleid, onwerkbare regulasies of nuwe uitdagings ervaar. Wanneer hy sy plaaslike boerevereniging ondersteun, vergaderings bywoon, insette lewer en betrokke bly, word sy ervaring deel van 'n veel groter stem.

'n Individuele boer het selde direkte toegang tot ministers, direkteure-generaal of parlementêre komitees. Georganiseerde landbou het daardie toegang juis omdat dit die gesamentlike belange van sy lede verteenwoordig. Hoe sterker die betrokkenheid van produsente is, hoe sterker word die mandaat waarmee hierdie organisasies onderhandel.

Elke boer staan uiteindelik voor 'n keuse. Hy kan apaties wees en aanvaar dat ander namens hom sal besluit, of hy kan deel word van die oplossing deur sy organisasies te versterk en sy stem beskikbaar te stel. Invloed word nie uitgeoefen deur stil te bly nie; dit word uitgeoefen deur deel te wees van die gesprek. Konstruktiewe en toekomsgerigte kollektiewe insette bring iets anders tafel toe as 'n individu wat iesegrimmig net 'n klomp warm lug die wêreld inblaas.

Die toekoms van Suid-Afrikaanse landbou gaan nie slegs bepaal word deur reënval, markpryse of nuwe tegnologie nie. Dit gaan ook bepaal word deur die beleid waarbinne boere moet funksioneer. Daarom kan ons nie bekostig dat die boer se stem stil raak nie.

Net so stem en praat die verbruikers ook oor die rigting waarheen landbou se produkte moet ontwikkel d.m.v. hulle koopkrag. Die brug tussen produsent en verbruiker is sekerlik een van die belangrikste aspekte wat stabiliteit in ons land teweegbring.

Wanneer georganiseerde landbou en kommoditeitsorganisasies hand aan hand werk, én wanneer boere self aktief betrokke bly, word die stem van landbou sterker. En uiteindelik is dit nie net tot voordeel van die boer nie, maar van elke Suid-Afrikaner wat elke dag afhanklik is van voedsel; van boer tot bord. **N**

**van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA*

# Die Engelse *engel*

PRETORIA HISTORIA

Riana Mulder



*Emily Hobhouse saam met haar verloofde, J. C. Jackson (links), haar broer, Leonard, en sy vrou, Nora. [Foto: Emily Hobhouse: Boer War Letters (R. van Reenen)]*

Die Tweede Anglo-Boereoorlog, met al sy verskrikking, vernietiging en pyn, het ook gelei tot die Afrikanervolk se liefdesverhouding met 'n baie spesiale Engelse dame, Emily Hobhouse, die sg. Engel van die konsentrasiekampe.

Emily was die dogter van 'n Anglikaanse prediker, en 'n lid van 'n familie wat bekend was vir hulle liberale en filantropiese oortuigings. Sy was maar twintig jaar oud toe haar ma oorlede is, en vir die volgende 14 jaar het sy toegewyd vir haar bejaarde pa gesorg. Ná sy dood het sy in Amerika gaan woon om liefdadigheidswerk onder die Engelse mynwerkers in Minnesota te doen. Daar het sy vir die eerste keer verlief geraak, en verloof geraak aan 'n man met die naam John Carr Jackson. Die verhouding het nie uitgewerk nie, en nadat sy ook baie van haar geld verloor het, het sy in 1898 na Engeland teruggekeer.

Ná die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 is sy uitgenooi om die sekretaresse van 'n Vroue-versoeningskomitee te word, en uiteindelik het sy Suid-Afrika self besoek en besef dat die volle waarheid oor die aaklige omstandighede in die konsentrasiekampe nie aan die Engelse publiek vertel word nie. Sy het haar daarna onverpoos en met groot energie beywer om toestande in die kampe te verbeter en te sorg dat die waarheid nie verberg word nie. Ná die oorlog het sy Suid-Afrika, en ook Pretoria, weer 'n paar keer besoek en probeer om die na-oorlogse ellendes en armoede te verlig deur die stigting van spin- en weefskole vir jong vroue. Sy het blykbaar selfs op 'n stadium 'n huis in Wesselstraat in Pretoria gekoop terwyl sy besig was om 'n skool in te rig.

Dis veral in hierdie tyd dat sy dikwels by Jan en Isie Smuts gekuier het, en hulle sou vir baie jare vriende bly.

Daar is 'n tuinparty tot haar eer in Burgerspark gereël, maar toe die Engelse owerhede hoor dat sy die eregas sou wees, het hulle geweier dat die park gebruik word en moes die party in iemand se tuin gehou word. Die Engelse het ook een keer geweier dat sy aan land kon gaan in Kaapstad, en sy moes uiteindelik onverrigter sake na Engeland terugkeer.

Waaraan ons in Suid-Afrika nie altyd dink nie, is die impak wat haar aktivisme op haar persoonlike en openbare lewe in haar tuisland gehad het. Sy het feitlik al haar vriende en baie van haar familie verloor: Hulle wou niks met die "verraaier" in hulle midde te doen hê nie. Die media het haar gereeld gekasty. Die melkman wou selfs nie haar melk aflewer nie! Haar finansies is swaar belas deur al die reise en liefdadigheidswerk wat sy gedoen het, en haar gesondheid het agteruitgegaan as gevolg van die harde werk, gebrek aan rus en hoë stres.

Deur dit alles was haar Suid-Afrikaanse vriende egter die getroue ligpunt in haar dae. Sy het tot en met haar dood in 1926 weekliks met mev. Tibbie Steyn (pres. Steyn van die OVS se vrou) gekorrespondeer, Isie en Jan Smuts was haar vriende (totdat hulle later jare koppe gestamp het oor politiek) en sy en Olive Schreiner het gereeld met mekaar kontak gehad.

Emily was nie net vir Suid-Afrikaners goed nie. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het sy ook hulp aan vroue en kinders in Duitsland, Oostenryk en Sentraal-Europa verleen, ten spyte van haar toenemende swak gesondheid.

Veral Tibbie Steyn was 'n baie getroue vriendin, en sy het nie toegelaat dat Afrikaners van Emily vergeet nie. So het sy bv. tydens die Eerste Wêreldoorlog geld in Suid-Afrika ingesamel vir Emily se werk in Europa. Met die inhuldiging van die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein in 1913 is Emily genooi om dit te kom open, maar haar swak gesondheid het veroorsaak dat sy nie die reis kon voltooi nie en sy moes by Beaufort-Wes omdraai.

Een van die mooiste gebare van haar Suid-Afrikaanse vriende was die geld wat hulle deur mev. Steyn se bemiddeling (en in die geheim sodat hulle haar kon verras) ingesamel het sodat Emily vir haar uiteindelik 'n eie huisie in haar geboortedorp, St. Ives in Cornwall, kon koop. Sy skryf op 18 Mei 1921 in 'n brief aan Tibbie Steyn:

"Dit is onmoontlik om uitdrukking te gee aan die gewaarwordinge wat hulle van my meester gemaak het, toe ek verneem het van hierdie verrassing wat julle in stilte vir my voorberei het. My eerste gevoel was om geen geskenk te aanvaar nie of anders dit vir een of ander openbare doel aan te wend. Dog het ek u brief gelees en herlees en ek aanvaar die geskenk in dieselfde eenvoudige en liefdevolle gees waarin dit aangebied is."

Die heldin uit die vyand se geledere is uiteindelik in 1926 in Kensington oorlede, maar steeds is sy nie deur haar Afrikanervriende vergeet nie. Haar as is in 'n nis in die Vrouemonument geplaas, waar sy uiteindelik in vrede, en omring deur vriende, tot ruste kon kom. **N**

*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



# Die Boekeblad

met
Graffiti Boeke

# Nuut op die rak




***Jagspinnekop***
**– Erla Diedericks**

**R340, Lapa**

Moeg vir 'n koue bed? Ons ken net die plek.

Smooch is 'n gewilde platform vir mense opsoek na ... meer. Daar kan jy wees net wie jy wil. Sê net wat jy wil. Flankeer met wie jy wil.

Maar Suzette Fourie weet daar is 'n donker kant aan hierdie interaksies. As profileerder weet sy van die moorde. Vrouens uit die voorstede van Kaapstad. Elkeen met 'n ongelukkige liefdeslewe. Elkeen vermoor en gevind in 'n veld. Elkeen gemerk met die grillerige kenteken van die moordenaar.

Die media noem hom die *Jagspinnekop*. En Suzette weet hy gebruik hierdie platforms as sy jagveld. Dis waar hy weerlose vrouens opspoor. En sy aptyt lyk eindeloos. Nou moet sy hom plattrek voor hy sy tande in die volgende slagoffer kan slaan.

*Jagspinnekop* is 'n onheilspellende spanningsverhaal vir die moderne era wat diep onder jou vel in gaan kruip.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

***Helde van die Bybel – My eerste Bybel-opwipboek***
**– North Parade Publishing**

**R250, Human & Rousseau**




Herontdek die legendariese stories van ses Bybelse helde!

Wanneer jong Dawid teen Goliat te staan kom, wanneer Simson sy ongelooflike krag wys, en wanneer ander helde op God vertrou, ontvou wonderlike avonture wat met pragtige opwiptonele en illustrasies lewendig word.

Lees hoe Josua en Gideon die Israeliete lei en vreeslose Daniël 'n nag saam met die leeus deurbring. Sal ons helde die krag vind om onmoontlike uitdagings te oorkom?

Elke bladsy is 'n nuwe avontuur met opwiptonele wat jong lesers sal boei terwyl hulle leer wat dit beteken om werklik op God te vertrou

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

***Die storie van Noag se ark – My eerste Bybel-opwipboek***
**– North Parade Publishing**

**R250, Human & Rousseau**




Herontdek die tydlose verhaal van Noag se ark!

Wanneer God vir Noag vra om 'n reusagtige ark te bou, maak Noag diere van regoor die wêreld bymekaar. Wanneer die groot vloed kom, skuil mens en dier veilig binne die skip, maar sal hulle ooit weer droë grond sien? En watter teken sal God vir hulle van sy belofte stuur?

Die klassieke storievertelling met opwiptonele sal kinders bekoor terwyl hulle leer oor God se liefde en wat dit beteken om jou geloof uit te leef.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

***Waar die teerpad ophou***
**– Jean Cooper**

**R340, Tafelberg**




'n Eerlike en meesleurende reisverhaal waarin Jean Cooper en sy vriend De Witt vir drie maande per motorfiets deur Afrika ry, van Pretoria tot Spanje.

Wat as 'n avontuur begin, ontwikkel vinnig tot 'n diepgaande reis deur uiteenlopende landskappe, geskiedenisse en menslike ervarings. Die tog is vol fisieke uitdagings – diksand, reënstorms, grensposte, tegniese probleme en onvoorspelbare paaie – maar ook oomblikke van gasvryheid en menslikheid.

Deur Namibië se stilte en Angola se wonde word die skoonheid en pyn van die kontinent sigbaar. Terselfdertyd ontvou Cooper se innerlike reis. In die middel van 'n middellewekrisis bevraagteken hy sy identiteit, sy huwelik, begeertes en werk.

Terwyl die vriende saam val, lag en volhard, word hulle gedwing om nie net Afrika nie, maar ook hulself en mekaar opnuut te leer ken.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

**10** ***Sterre is vir altyd*** – Sophia Kapp

**9** ***Donkerhart*** – Henda Olivier

**8** ***Daardie lewe Karel Schoeman*** – Ria Winters

**7** ***Jagspinnekop*** – Erla Diedericks

**6** ***Pompeii*** – Bets Smith

**5** ***Enigma*** – Rudie Van Rensburg

**4** ***Bethulie*** – Rensche van der Walt

**3** ***Grensloos*** – Wilna Adriaanse

**2** ***'n Ierse knoop*** – Elsa Winckler

**1** ***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert

## *Wen al drie die boeke!*



**'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

***Wie het Jagspinnekop geskryf?***

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**.

**Inskrywings sluit Maandag 3 Augustus 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 31 Julie 2026 se boekekompetisie is:**
**Delene Swart – Kempton Park**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**

**www.graffitiboeke.co.za**

**teen 10% afslag.**

7VOOR7

Ds Dirk du Preez,
NG Gemeente Deneysville

# Volhard, maar doen dit in geloof

Tydens die 1989-Olimpiese Spele in Seoel neem Jonathan Edwards deel aan die driesprong. Dit was een van sy slegte dae en hy eindig 23ste. Baie teleurgesteld is hy terug huis toe om voor te berei vir die Spele in 1992 in Barcelona. Maar dit gaan nog slegter en hy eindig 35ste. Hy vertel dat hy die keuse gehad het om handdoek in te gooi of om net harder te oefen vir die volgende Spele. Hy het op laasgenoemde besluit. In 1996 neem hy weer deel aan die driesprong in Atlanta, Georgia. Hy eindig tweede. Vier jaar later, tydens die 2000-Olimpiese Spele in Sydney wen hy die goue medalje. Edwards het gekies om nie tou op te gooi nie. Hy het bly oefen omdat hy geweet het volharding sal vrugte afwerp.

Op verskeie plekke in die Skrif word ons aangemoedig om te volhard. In Kol 1:11 moedig Paulus die gemeente in Kolosse aan deur die volgende: "Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede te volhard." Die Herbreërskrywer noem dat ons volharding nodig het om die wil van God te doen. Maar Jesus het self deur 'n gelykenis vir ons opdrag gegee om in ons geloofsverhouding met Hom te volhard. In Luk 18 vertel Hy die verhaal van die weduwee wat net nie die aandag van 'n sekere regter kon kry om haar saak te behartig nie. Sy het so aangehou dat die regter later ingegee het en na haar saak geluister het. Lukas begin in vers 1 met die doel van die gelykenis: "Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word." Hoor jy dit? Jesus wil so graag hê dat ons nie sal ophou bid nie, dat ons sal volhard, dat Hy 'n hele gelykenis vertel het om die punt by sy dissipels tuis te bring.

Miskien is jy besig om al vir jare te bid oor 'n saak. Miskien dat 'n kind by God sal uitkom. Dis mos maar altyd die eerste gebed van 'n ouer. Maar dalk vertrou jy die Here vir iets anders. 'n Verandering in jou huwelik, jou huislike omstandighede, jou werk. Dit het Jonathan Edwards 22 jaar geneem sedert hy aan die eerste Olimpiese Spele deelgeneem het om 'n eerste plek te behaal. Maar hy het nooit handdoek ingegooi nie. Wetende wat vir Hom voorgelê het, het Jesus steeds volhard en die pad gestap na die kruis toe sonder dat daar vir Hom persoonlike wins was. Selfs in sy menslike gedaante was Hy steeds God. Hy sou niks baat deur aan 'n kruis te gaan hang nie. Hy het dit bloot alles vir jou en my gedoen.

Ek wil jou uitdaag vandag: As jy vir jare al worstel met 'n gebedsversoek voor God, volhard. Gaan lees Lukas 18 se eerste 8 verse en vertrou dat God gebede soms op vreemde wyses beantwoord. Weet, dat wanneer jy volhard in die geloof en gebed voor Hom, Hy jou die versekering gee dat Hy hoor. Maar dieselfde gelykenis meld iets anders. Vers 8 eindig met die woorde: "Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op aarde vind?" Volharding gebeur in geloof. Dis 'n geloofstap. Sonder geloof dat God hoor en antwoord gaan jy nooit volhard nie. Dis dan wanneer ons moed verloor. Hou die geloof, en volhard in die gebed. En wanneer God jou gebede antwoord, onthou dat die eer net Hom alleen toekom. **N**



## VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Die berugte en ongeïdentifiseerde reeksmoordenaar, wat orals as Jack the Ripper bekend geword het, se moontlike eerste slagoffer is vandag in 1888 vermoor. Haar naam was Martha Tabram. Jack the Ripper het waarskynlik vyf vroue in die laat 1880's in Londen se Whitechapel-distrik vermoor.

Ons eie operaster Cecilia Wessels is op 7 Augustus 1895 in Bloemfontein gebore. Haar vader, Cornelius Visser, was Administrateur van die Vrystaat. Cecilia is in 1970 oorlede.

Die Suid-Afrikaanse skrywer Wilma Stockenström is op 7 Augustus 1933 gebore. Sy is een van weinig skrywers wat die Hertzogprys in twee afsonderlike kategorieë kon losslaan, nl. vir poësie en ook vir fiksie. Haar 1981-roman *Die kremetartekspedisie*, is deur die Nobelpryswenner J.M. Coetzee in Engels vertaal.

Die Amerikaanse sanger B.J. Thomas, sou vandag 84 gewees het. Thomas se treffers sluit in liedjies soos *Hooked On A Feeling* en die baie gewilde *Raindrops Keep Fallin' On My Head*, wat spesiaal vir die 1969-rolprent *Butch Cassidy and the Sundance Kid* geskryf is.

Charlize Theron vier vandag haar 51ste verjaarsdag. Sy deel haar verjaarsdagdatum met die sanger en akteur Brendan Peyper, wat vandag 30 word.

Laastens, die geliefde komediant Tolla van der Merwe is vandag 26 jaar gelede naby Belfast in Mpumalanga in 'n motorongeluk dood. Sy naam en sy humor leef voort. **N**



*Cecilia Wessels*




*Wilma Stockenström*



*Rooi Kalahariduine in die Kgalagadi-vredespark*

# Tiger Brands (JSE - TBS)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**

**Tiger Brands Beperk** is 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat verpakte goedere verkoop. Benewens die maatskappy se Suid-Afrikaanse bedrywighede, het Tiger Brands direkte en indirekte belange in internasionale voedselondernemings in Chili, Zimbabwe, Mosambiek, Nigerië, Kenia, Lesotho en Kameroen.

**Kernbevinding**

Die hoër laagtes (moontlik positief) is opvallend. 'n Hoër laagte (waarskuwing) beteken die prys het teruggesak tot 'n nuwe laagtepunt wat hoër is as die vorige laagtepunt. Dit wys dat kopers vroeër begin intree as voorheen, en dat die afwaartse momentum besig is om te verswak. Wanneer 'n grafiek 'n reeks hoër laagtes en hoër hoogtes vorm, dui dit op 'n duidelike opwaartse tendens omdat elke terugtrekking in die prys op 'n hoër vlak stop as die vorige laagtepunt, wat wys dat verkopers nie die prys na vroeëre vlakke kan terugdruk nie.

Die MACD (Moving Average Convergence Divergence) is 'n momentum indikator wat die verhouding tussen twee eksponensiële bewegende gemiddeldes (EMA's) meet. Dit word gebruik om tendensrigting, tendenssterkte en moontlike omkeerpunte te identifiseer. In eenvoudige taal is die MACD-indikator bo die nullyn 'n aanduiding dat momentum na bo wil begin vestig.

Bo lyn A (R281,00) kan ons die volgende teken van tegniese sterkte sien. Indien die momentum na bo aan die gang kom, kan die aandeel mettertyd na R323,39 styg.

Die 50-dag- bewegende gemiddeld (R284,68) is een van die beste mediumtermyn-sentimentsmeters. Onder die gemiddeld is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddeld is beleggers optimisties oor die vooruitsigte.

Onder R267,22 kan die aandeel steeds verder daal, die formasie uitwis, en teikens jaag van: R266,43, R264,19, R262,11, R260,48, R258,44, R256,49, R254,41 en R252,19 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Ignoreer die aandeel onder R267,22.

Vir spekulante – koop of oorweeg om lank te gaan bo lyn A (R281,00), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R26,22 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R282,78; R283,33; R284,80; R285,56; R287,45; R289,22; R291,25; R291,65; R292,32; R294,45; R296,30; R299,00; R300,00; R302,12; R303,23; R305,45; R308,60; R309,22; R312,12; R315,78; R318,54; R321,20; R323,39; R327,78; R330,43; R334,50; R338,32; R342,12; R346,43; R348,56; R351,55; R354,12; R357,22; R358,00; R360,54; R362,38; R364,51; R368,50; R370,89; R372,67; R374,90; R376,67; R378,76 en R379,90.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as die spekulante en hou ook by hulle keerverlies om kapitaal te beskerm. Verhoog blootstelling bo R312,22, maar gebruik dan R301,35 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R284,68) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld is hulle positief.

**Belangrike vlakke om dop te hou**

Indien die aandeel kopers lok bo lyn A, kan die aandeel dalk styg na: R282,78; R283,33; R284,80; R285,56; R287,45; R289,22; R291,25; R291,65; R292,32; R294,45; R296,30; R299,00; R300,00; R302,12; R303,23; R305,45; R308,60; R309,22; R312,12; R315,78; R318,54; R321,20; R323,39; R327,78; R330,43; R334,50; R338,32; R342,12; R346,43; R348,56; R351,55; R354,12; R357,22; R358,00; R360,54; R362,38; R364,51; R368,50; R370,89; R372,67; R374,90; R376,67; R378,76 en R379,90

**Opsomming**

Koop of gaan lank bo R283,19, maar gebruik R267,22 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder*
*verbonde aan*
*fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*

# WERKSGIDS

Klik op poste vir meer info

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

## Ambag

**MILLWRIGHT / ELECTRICIAN** (Roll-forming Production exp.) TRG 2370 (Ladysmith) – The Recruitment Guy | uMnambithi , South Africa| Sluitingsdatum: 09/08/2026

## Boerdery

**ASSISTANT FARM MANAGER – LAYING FARM** - Fourie's Poultry Farm t/a Chubby Chick | Potchefstroom| Sluitingsdatum: 09/08/2026

**Senior Plaasbestuurder** - Matopi boerdery | Lephalale| Sluitingsdatum: 14/08/2026

## Finansiële Dienste

**Kredietbeheerder / Eiendomsfinansies** - Macdonald & Company | Centurion, South Africa| Sluitingsdatum: 08/08/2026

**Accounts & Stock Clerk** (Mining/Construction) - Emporium. Human Capital | Randburg | Sluitingsdatum: 14/08/2026

**Boekhouer en belastingpraktisyn** - SW Accounting Services | Horison, Roodepoort | Sluitingsdatum: 14/08/2026

## Ingenieurs

**Mechanical Draughtsman / Engineer** - Fin Select Personnel Pty Ltd | Albertinia, 6695, South Africa| Sluitingsdatum: 08/08/2026

## Toesighouers

**Commercial Workshop Foreman** - TRG 2368 (Northern KZN)- The Recruitment Guy | Amajuba District Municipality | Sluitingsdatum: 09/08/2026

## Verkope

**Interne Verkope**- Anoniem | Bloemfontein| Sluitingsdatum: 09/08/2026

**Verkoopspersoon** - Anoniem | Kuruman| Sluitingsdatum: 09/08/2026

**Verkoopspersoon** - Anoniem | Upington| Sluitingsdatum: 09/08/2026

## Litigasie Sekretaresse

**Litigasie Sekretaresse** - Werfnet (Edms.) Bpk. | Polokwane| Sluitingsdatum: 10/08/2026

## Sekretarieel

**Regs administratiewe sekretaresse** - De Korte Du Plessis Ingelyf | Lynnwood| Sluitingsdatum: 10/08/2026

**Persoonlike Assistent & Operasionele Bestuurder** - KUTA Co. | Pretoria | Sluitingsdatum: 14/08/2026

## Gasvryheid

**Front of house and function manager** - Tuck In | Centurion | Sluitingsdatum: 14/08/2026

## IT

**Solidariteit: Power BI-ontwikkelaar / Besigheidsintelligensie-ontleder** – Solidariteit | Kloofsig, Centurion| Sluitingsdatum: 11/08/2026

**Business Systems Developer** (SAGE X3| Sage SEI | Power BI | AI Enablement)- Emporium. Human Capital| Randburg| Sluitingsdatum: 14/08/2026

## Regslui

**Senior RAF Litigation Attorney** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 11/08/2026

## Kommunikasie & Bemarking

**Junior Video Editor and Creator** - Amax Services | Pretoria North, Pretoria| Sluitingsdatum: 14/08/2026

## Internskappe

**Commercial Buying Internship/Internskap** - African Alliance | Illovo, Sandton| Sluitingsdatum: 14/08/2026

**Retail Operations Internship/Internskap** - African Alliance | Illovo, Sandton| Sluitingsdatum: 14/08/2026

**Internskap - Informasie tegnologie** - Cloud ITS | Erasmuskloof | Sluitingsdatum: 14/08/2026

## Mynbou

**Site Manager Quarry Operations** - Emporium. Human Capital | Brits| Sluitingsdatum: 14/08/2026

## Internskappe

**Masjien operateur** - MASLOU Holdings (Edms) Bpk | Ladismith| Sluitingsdatum: 14/08/2026



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Betway SA20-spanne vir Seisoen 5 bekendgemaak

Al die spanne in die Betway SA20 het vroeër hierdie week hul onveranderde en vooraf gekontrakteerde spelers vir die vyfde seisoen bekendgemaak, met internasionale sterre soos Mitchell Marsh, Joe Root, Sam Curran en Phil Salt wat op die lys verskyn. Die meeste spanne het reeds die kern van hul groepe vasgelê, met slegs 19 beskikbare plekke wat tydens die spelersveiling op 7 Oktober gevul sal word.

Die veelsydige Australiese speler Mitchell Marsh sal sy SA20-debuut vir die Sunrisers Eastern Cape maak, terwyl Matthew Short by die Pretoria Capitals aansluit. Phil Salt keer terug na die Capitals in Pretoria, Joe Root sluit weer by die Paarl Royals aan, Sam Curran versterk die Durban's Super Giants-span, Will Jacks skuif na MI Cape Town en Jason Holder sluit by die Joburg Super Kings aan.

Die kompetisiekommissaris, Graeme Smith, sê die gehalte van die internasionale spelers, saam met Suid-Afrika se beste plaaslike talent, wys hoe vinnig Betway SA20 as 'n wêreldklas-T20-kompetisie groei.

Seisoen 5 begin op 17 Januarie 2027 by St George's Park af en eindig met die eindstryd op 21 Februarie 2027 op Nuweland.









*Nog spanne op bladsy 23*

# Betway SA20-spanne vir Seisoen 5 bekendgemaak (vervolg)

*Van bladsy 24*












# Spesiale trui vir All Blacks-reeks

Nike en SA Rugby het vandeesweek 'n spesiale Springboktrui vir die Rugby's Greatest Rivalry-toer teen die All Blacks bekend gestel. Dié trui sal slegs tydens die vier toetswedstryde van die reeks gedra word en vier Suid-Afrika se eenheid en diversiteit.

Die ontwerp bevat die woorde van Nkosi Sikelel' iAfrika in vyf tale, gerangskik in die vorm van die Suid-Afrikaanse vlag. Die trui is met Nike se nuutste prestasietegnologie ontwikkel om spelers optimaal te ondersteun, terwyl dit ook die Springbokke se verbintenis met die mense van Suid-Afrika simboliseer.

SA Rugby se uitvoerende hoof, Rian Oberholzer, sê die trui weerspieël die Springbokke se toewyding om vir alle Suid-Afrikaners te speel. Die trui is vanaf 6 Augustus by Nike-winkels, Springbok-kleinhandelwinkels en uitgesoekte sportwinkels beskikbaar.




**Rugby's Greatest Rivalry Provinsiale bepalings:**

- **Stormers vs. All Blacks:**
  **Vrydag 7 Augustus,**
  DHL-stadion, Kaapstad 19:00
- **Sharks vs. All Blacks:**
  **Dinsdag 11 Augustus,**
  Hollywoodbets Kingspark, Durban 19:00
- **Bulls vs. All Blacks:**
  **Saterdag 15 Augustus,**
  Loftus Versfeld, Pretoria 19:00
- **Lions vs. All Blacks:**
  **Dinsdag 25 Augustus,**
  Ellis Park, Johannesburg 19:00

**Springboktoetse teen All Blacks:**

- **Eerste toets:**
  **Saterdag 22 Augustus,**
  10bet Ellispark, Johannesburg 17:10
- **Tweede toets:**
  **Saterdag 29 Augustus,**
  DHL-stadion, Kaapstad 17:10
- **Derde toets:**
  **Saterdag 5 September,**
  FNB stadion, Johannesburg 17:10
- **Vierde toets:**
  **Saterdag 12 September,**
  M&T Bank Stadion, Baltimore, VSA 23:00 (SAST)





# ROLBALDAG

## TEN BATE VAN WOLLIES EN WETNOSE

**Datum: 7 Oktober 2026**

**Plek: Wingate Park Country Club**

*Skryf jou span vandag in!*

## Span van 4 spelers
## R4 000 per span
## Kos vir die dag ingesluit

Verwag hope vermaak, groot pret, lekker pryse en 'n onvergeetlike dag saam met vriende, kollegas en Pretoria FM-luisteraars.

Elke inskrywing help om die belangrike werk van Wollies en Wetnose te ondersteun en 'n verskil te maak.

Luisteraars word uitgenooi om hul spanne nou in te skryf!

WETNOSE Animal Rescue Centre

Wollies Animal Shelter NPC

Vir meer inligting, stuur ’n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Pretoria FM hoop, glo, lééf in Afrikaans

# Curriebeker se punteleer goed geskommel

Die Fidelity ADT Lions is die nuwe voorlopers op die Carling Curriebeker-punteleer nadat die Toyota Cheetahs en die Sanlam Boland Kavaliers albei hul eerste nederlae van die seisoen in die derde rondte gely het.

Vrydagaand het die Suzuki Griekwas die Cheetahs in Kimberley met 24-21 geklop. In die Jukskei-derby Saterdagmiddag het die Lions met 42-19 oor die Vodacom Bulls geseëvier, terwyl die DHL Stormers 'n 36-28-bonuspuntsege oor die Hollywoodbets Sharks XV behaal het. Die naweek se aksie is afgesluit met die Airlink Pumas wat hul eerste oorwinning van die seisoen behaal het nadat hulle Boland met 20-15 in Wellington geklop het.

Ná drie rondtes is die Lions bo aan die punteleer met 12 punte, gevolg deur die Griekwas en Cheetahs met 11 punte elk. Boland is in die vierde plek (10), die Stormers in die vyfde plek (9), die Pumas sesde (7), die Sharks sewende (6), terwyl die Bulls onder aan die punteleer bly met net een punt.

**Curriebeker-bepalings:**

**Saterdag 8 Augustus**

13:00 Suzuki Griekwas teen Fidelity ADT Lions

15:05 Vodacom Bulls teen Airlink Pumas

17:15 Hollywoodbets Sharks XV teen Sanlam Boland Kavaliers

**Sondag 2 Augustus**

15:00 DHL Stormers teen Toyota Cheetahs XV



# Poemas tuis nie 'n kat om sonder handskoene aan te pak nie

Die Springbokafrigter, dr. Rassie Erasmus, het verskeie ervare spelers wat van beserings herstel het, ingesluit vir more se toets teen Argentinië in Buenos Aires. Kaptein Siya Kolisi, Eben Etzebeth, Lood de Jager, Sacha Feinberg-Mngomezulu, Morné van den Berg, André Esterhuizen en Ethan Hooker keer terug na 'n wedstrydgroep met 13 veranderinge aan die span wat verlede maand teen Wallis gespeel het.

Slegs Aphelele Fassi en Cobus Reinach behou hul plekke in die beginspan, terwyl vyf ander spelers in die Wallis-toets vanaf die plaasvervangersbank sal diens doen. Erasmus sê môre se wedstryd bied die ideale geleentheid vir spelers wat van beserings herstel het om weer speeltyd op toetsvlak te kry teen 'n sterk Argentynse span. Hy verwag 'n fisieke stryd en beklemtoon dat die Springbokke akkuraat en gedissiplineerd sal moet speel om die passievolle Los Poemas te klop.

Die toets begin Saterdag om 21:00, SAST, by die Estadio José Amalfitani in Buenos Aires.

**Springbokspan teen Argentinië:**


1 Boan Venter, 2 Johan Grobbelaar, 3 Thomas du Toit, 4 Eben Etzebeth, 5 Lood de Jager, 6 Siya Kolisi (k), 7 Elrigh Louw, 8 Cameron Hanekom, 9 Cobus Reinach, 10 Sacha Feinberg-Mngomezulu, 11 Ethan Hooker, 12 André Esterhuizen, 13 Canan Moodie, 14 Edwill van der Merwe, 15 Aphelele Fassi

**Plaasvervangers:**

16 Jan-Hendrik Wessels, 17 Gerhard Steenekamp, 18 Zachary Porthen, 19 Ben-Jason Dixon, 20 Cobus Wiese, 21 Marco van Staden, 22 Morné van den Berg, 23 Handré Pollard



# Statebond-staatmakers




Die span atlete wat Suid-Afrika by vanjaar se Statebondspele in Glasgow verteenwoordig het, kon tydens die geleentheid 28 medaljes verower, een meer as die medalje-oes by Birmingham in 2022. Die span het ook op elfde plek op die medaljeleer geëindig met sewe goue, 11 silwer- en 10 bronsmedaljes wat oor tien dae gewen is.

Die swemmer Pieter Coetzé was die groot uitblinker met vyf goue medaljes, waaronder drie individuele rugslagtitels en twee goue medaljes in die aflositems. Ander gouemedaljewenners was Lara van Niekerk, die para-atleet-swemmers Nathan Hendricks en Christian Sadie, asook die naelloper Sinesipho Dambile.

## Wenne



11 Silwer

7 Goud

10 Brons

Die minister van Sport, Kuns en Kultuur, Gayton McKenzie, het die span geloof omdat hulle Suid-Afrika trots gemaak het en sê hul prestasies behoort die volgende geslag sportlui te inspireer. McKenzie het ook hulde gebring aan Suid-Afrika se para-atlete wat bewys het dat gestremdheid geen beperking op sukses hoef te wees nie. 'n Amptelike verwelkomingseremonie sal gereël word wanneer al die atlete vanaf Glasgow terugkeer.